Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT (MDM) DIE SEGREGASIEWETTE VAN DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's UITGEDAAG?

BRON 1A

Die bron hieronder is 'n uittreksel wat die stigting van die Mass Democratic Movement (MDM) in 1988 in Suid-Afrika bespreek en hoe dit die apartheidsregering se rassewetgewing uitgedaag het.

Die Mass Democratic Movement (MDM) was die naam van 'n informele koalisie (alliansie) van anti-apartheidsgroepe gedurende die 1970's en die vroeë 1980's. As 'n formele organisasie is die MDM as 'n anti-apartheidsopvolger vir die United Democratic Front (UDF) gestig nadat die 1988-noodtoestandbeperkings die UDF en verskeie ander opposisiepartye verban het. Die UDF het die term 'Mass Democratic Movement (MDM)' in gebruik geneem en gesê dat die MDM basiese strukture moes versterk en al daardie organisasies van buite moes inbring (insluit) sodat hulle by die stryd betrokke kon raak. Baie groepe wat voorheen uitgesluit is, insluitend wit groepe en groepe in die tuislande, is in September 1988 na 'n anti-apartheidskonferensie genooi wat deur COSATU georganiseer is. Die regering het dit nie goedgekeur nie, en die konferensie verban.

Selfs ná 1988 was die MDM 'n tydelike los koalisie van anti-apartheidsaktiviste met geen permanente konstitusie nie, geen amptelike ledelyste nie, geen nasionale of streeksbeheerliggaam nie en geen ampsdraers nie. Net soos die UDF het die MDM baie van hulle ondersteuning van die swart gemeenskap gekry; 'n voorwaarde vir affiliasie met die MDM was die nakoming van die voorwaardes van die ANC se Vryheidsmanifes.

Die MDM het in 1989 belangrikheid verwerf toe dit 'n veldtog van burgerlike ongehoorsaamheid georganiseer het met die oog op (hoop) die nasionale verkiesing wat geskeduleer is om in September daardie jaar plaas te vind. Met minagting (uittarting) van die noodtoestand regulasies wat op daardie tydstip gegeld het, het etlike honderde swart betogers hospitale en strande vir 'slegs blankes' betree. Mense van alle rasse het in daardie maand in verskeie stede vreedsaam teen polisiewreedheid en onderdrukkende (wrede) wetgewing betoog.

[Uit https://photius.com/countries/south_africa/government/south_africa_government_mass_democratic_move~2494.html. Toegang op 23 Januarie 2026 verkry.]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 1B

Die foto (fotograaf onbekend) hieronder is op 2 Augustus 1989 by die Addington Hospitaal ('slegs vir blankes') in Durban geneem. Dit beklemtoon verset teen segregasie as deel van die Mass Democratic Movement (MDM) se Oop Hospitale ('Open Hospital')-veldtog.



[Uit http://146.141.12.32/protest-about-segregation-in hospitals-at-adding to-hospital-in-durban. Toegang op 23 Januarie2026 verkry]

DESEGREGEER HOSPITALE

NUSAS ONDERSTEUN OOP HOSPITALE

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 1C

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek wat deur 'n geskiedkundige, A Jeffery, geskryf is. Dit verduidelik die gebeure op 13 September 1989 tydens die vredesoptog in Kaapstad wat deur die Mass Democratic Movement (MDM) teen polisiewreedheid georganiseer is.

Na die nasleep (uitkoms) van die verkiesing het die MDM onderneem (belowe) om die uittartingsveldtog te verskerp. Tutu en Boesak het gesê dat hulle 'n optog na die parlement sou lei wanneer dit op 13 September 1989 hervat, om verontwaardiging (woede) teen polisiemoorde op die dag van die verkiesing uit te spreek. Die dag voor die optog het Tutu aangekondig dat die optog eerder na die Kaapstad Stadsaal as na die parlement sou beweeg. Hy het bygevoeg dat die optog vreedsaam en gedissiplineerd sou wees, maar beklemtoon dat daar geen twyfel bestaan het dat die optog laat vaar (gestop) sou word nie. 'Hulle het ons mense doodgemaak', het hy gesê. Dit het nie saak gemaak of die dodetal 23, soos hy eers genoem het, of 15 was, soos die polisie gesê het nie. 'Vyftien is 'n slagting … Selfs al werk ons net met húlle getalle, is dit 'n skandaal (skande).'

Aangemoedig deur die versekering van eerwaarde Johan Heyns, moderator (onderhandelaar) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, dat die optog geweldloos sou wees, het De Klerk toegelaat dat dit voortgaan en gesê: 'Ons kan nie 'n demokrasie sonder protesoptogte hê nie.' De Klerk het bygevoeg dat daar geen rede vir mense was om deur wanordelike verset of oproerigheid aan hulle politieke aspirasies (ambisies) uiting te gee nie. 'Die deur na 'n nuwe Suid-Afrika is oop. Dit is nie nodig om dit af te breek nie,' het hy gesê.

Die optog het vreedsaam verloop en het die de facto- (werklike) opheffing van die verbanning van die ANC aangedui. ANC-vlae en baniere het prominent gewapper.

Plakkate met ANC-slagspreuke is openlik vertoon, ANC-vryheidsliedjies is gesing en ANC-leiers is geprys. Tutu en Boesak het die skare vanaf die balkon van die Stadsaal, wat met vlae van die ANC en die UDF versier was, toegespreek. 'Walk Cape Town Open' ('Loop Kaapstad Oop') het die plakkate verklaar. Die polisie het hulle eenkant gehou en geen stappe is geneem om die verbod op die ANC of die beperkings op die UDF af te dwing nie.

[Uit *PEOPLE'S WAR – NEW LIGHT ON THE STRUGGLE FOR SOUTH AFRICA* deur A Jeffery]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 1D

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek wat deur 'n geskiedkundige, A Jeffery, geskryf is. Dit verduidelik die apartheidsregering se reaksie op die uittartingsveldtogte wat in 1989 deur die Mass Democratic Movement (MDM) georganiseer is.

Die polisie het ongeveer 30 MDM-leiers asook talle mense wat hulle inperkingsbevele oortree (verbreek) het, ingeperk, gearresteer of aangehou. Vlok (Minister van Polisie) het gesê dat hy deeglik daarvan bewus was dat die doelwit van die uittartingsveldtog was om die polisie te verplig om wette af te dwing wat rassesegregasie sou handhaaf en om dan negatiewe publisiteit daaruit te bekom. Die polisie het egter nie ingetree om apartheidswette af te dwing nie. Hulle was eerder nie bereid om burgerlike ongehoorsaamheidsaktiwiteite, wat tot polarisasie (verdeeldheid), konfrontasie en geweld lei, te verdra nie. Tutu se vrou is twee keer tydens onwettige optogte gearresteer terwyl beide Boesak en Tutu aangehou is.

Die inperking het skerp afgkeuring uitgelok, die Amerikaanse administrasie toon diep kommer oor die arrestasie van Tutu en sy vrou en het by die regering aangedring om vreedsame uitdrukking van politieke meningsverskille (opposisie) toe te laat. In die VK (Verenigde Koninkryk) het televisiemateriaal en koerantdekking op die gevalle waar die polisie hulle uitweg geneem het tot traangas, waterkanonne, sambokke en massa-arrestasies om betogings op te breek, gekonsentreer.

In die aanloop tot die verkiesing was daar ook 'n aantal geleenthede waar die polisie se magsmisbruik baie duidelik was. Dit was op 2 September in Mitchell's Plain die geval toe die polisie begin het om optoggangers met knuppels en sambokke te slaan, wat een van hulle lede, Luitenant Gregory Rockman, aangespoor het om te sê dat sy kollegas soos 'wilde honde met 'n moordinstink' opgetree het. Tutu het geantwoord en gesê: 'Baie mense beweer dat ons melodramaties (ooremosioneel) is en dat ons oordryf wanneer ons sê dat … dit byna altyd die polisie met hulle teenwoordigheid of optrede is wat die geweld veroorsaak. Maar nou het 'n polisieluitenant die polisie van wreedheid aangekla en gesê wat ons nog altyd gesê het.'

[Uit *PEOPLE'S WAR – NEW LIGHT ON THE STRUGGLE FOR SOUTH AFRICA* deur A Jeffery]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP DIE PEBCO-DRIE HANTEER?

BRON 2A

Die bron hieronder beklemtoon die stigting en oogmerke van die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO) in Oktober 1979 en verduidelik hoe die organisasie se leierskap in 1985 deur die veiligheidspolisie ontvoer is.

Die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO) is in Oktober 1979 in Port Elizabeth gestig. Die groep se hoofdoelwitte was om deur middel van massaprotesoptogte en -deelname vir die regte van mense te veg ... en daarop te fokus om te probeer om die lewensomstandighede van die massas te verbeter en ook om diskriminerende wetgewing in die Oos-Kaap te beëindig. PEBCO was 'n geaffilieerde van die United Democratic Front (UDF) wat daartoe gelei het dat duisende mense bymekaar gekom en sekere produkte geboikot het.

PEBCO het ook die Vryheidsmanifes met die goedkeuring van die UDF aangeneem. Die Vryheidsmanifes, wat in die 1950's geskep is, was die sentrale politieke leerstelling van die ANC wat 'n beroep gedoen het vir gelyke regte, menseregte en regering deur die mense vir die mense. Die PEBCO-drie, Champion Galela, Sipho Hashe en Qaqawuli Godolozi, was aktiviste in die stryd teen apartheid.

Hashe, Godolozi en Galela was in 1985 die teikens van 'n sluipmoordkomplot deur die veiligheidspolisie. Hulle prominente rolle in PEBCO en affiliasie met die UDF het veroorsaak dat hulle as 'n bedreiging vir die regering beskou is. Sipho Hashe, Qaqawuli Godolozi en Champion Galela was op 8 Mei 1985 onderweg na die lughawe om 'n persoon te ontmoet, wat hulle geglo het deel van die Britse Konsulaat was en simpatiek teenoor hulle stryd was. Die telefoonoproep was egter vals (onwaar) en slegs 'n rede om die leiers te kry om hul huise te verlaat sodat hulle ontvoer kon word.

[Uit https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/SMU%20-Tristan%20Kelly%20Hist%203377%20Final%20Paper%20PEBCO%203.pdf. Toegang op 17 Januarie 2026 verkry.]

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 2B

Die bron hieronder is geneem uit 'n koerantartikel met die titel 'Soektog na Vermiste PEBCO-mans', wat op 27 Mei 1985 op die voorblad van die *Cape Times* verskyn het. Dit verduidelik hoe hulle families daartoe verbind was om na die vermiste mans te soek. (Die bron is vir duidelikheid vertaal en oorgetik.)



Search for missing Pebco men

Own Correspondent

PORT ELIZABETH. — Relatives of the three missing executive members of the Port Elizabeth Black Civic Organization (Pebco) said they would not give up their search for the men until they found them — dead or alive.

Pebco's general secretary, Mr Sipho Hashe, 58, president Mr Qaqawuli Godolozi, 30, and organizing secretary Mr Champion Galela, 32, disappeared mysteriously on May 8.

Soektog na Vermiste PEBCO-mans

Eie Korrespondent

PORT ELIZABETH. – Familielede van die drie vermiste uitvoerende lede van die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO) het gesê hulle sou nie hul soektog na die mans opgee totdat hulle gevind word nie – dood of lewend. PEBCO se sekretaris-generaal, mnr. Sipho Hashe, 58, die president; mnr. Qaqawuli Godolozi, 30 en die organisasiesekretaris, mnr. Champion Galela, 32, het op 8 Mei geheimsinnig verdwyn.

[Uit die *Cape Times,* 27 Mei 1985]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 2C

Hierdie bron is gebaseer op Mamasela se getuienis in 1997 tydens die amnestieverhore in Port Elizabeth. Dit onthul die gruwelike lot van die PEBCO-drie.

Mamasela, 'n Askari, het tydens die verhoor gesê dat hy van Vlakplaas naby Pretoria na Port Elizabeth gestuur is om 'n probleem te hanteer wat die polisie ondervind het met aktiviste wat probeer het om die townships onregeerbaar te maak.

Hy het beskryf hoe hy en 'n groep polisiemanne die drie by die Port Elizabeth-lughawe ontvoer het. Hy het gesê hulle is na 'n verlate polisiestasie naby Cradock gery. "'n Braaivleis is toe begin. Ek het toe geweet dat die ondervraging sou begin, want ondervragings het met 'n braaivleis plaasgevind", het Mamasela gesê.

Hy het beskryf hoe die drie een op 'n tyd uitgebring en toe met 'n staalpyp en stokke aangerand is. Hy het gesê hulle is sistematies doodgeslaan terwyl die polisiemanne drankies gedrink en van die braaivleis geëet het. Hy het gesê hy het gesien hoe die lyke later geneem en op 'n hoop perdevoer gegooi word.

Volgens Mamasela het hulle Galela toe ondervra. Hy is aan langdurige aanranding onderwerp deur geskop, geslaan en met 'n stok en 'n staalpyp geslaan te word. Mamasela het gesê dat beampte Gert Beeslaar op 'n stadium Galela se testikels gedruk het "totdat hulle so groot soos gholfballe was", en dit toe met sy vuis geslaan het.

"Dit was die mees wrede ding wat ek nog ooit gesien het. Dit was 'n ontmenslikende ervaring", het hy gesê. Mamasela het gesê Galela is later aan sy beserings oorlede.

Mamasela het gesê Godolozi, wat gespaar is, is gedwing om langs die lyke van sy dooie kamerade te slaap. Hy het gesê die volgende oggend het 'n man wat 'n netjiese pak aangehad het en soos 'n heer gelyk het, by die plek aangekom. Hy was blykbaar van die Nasionale Intelligensiediens (NIS). Hy het gesê Godolozi het geen nuttige inligting verskaf nie. Godolozi is toe ook doodgeslaan.

[Uit https://www.justice.gov.za. Toegang op 17 Januarie 2026 verkry.]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 2D

Die bron hieronder fokus op hoe die moordenaars van die PEBCO-drie in 1997 in Port Elizabeth amnestie geweier is.

Vier Veiligheidspolisiebeamptes wat betrokke was by die ontvoering en moord van drie leiers van die Blacks Civic Organisation (PEBCO) in Port Elizabeth, is vandag deur die Amnestiekomitee van die Waarheids-en-Versoeningskommissie amnestie geweier.

Al die aansoekers spruit voort uit die verdwyning van wat bekend staan as die PEBCO Drie-leiers, Sipho Hashe, Qaqawuli Godolozi en Champion Galela. Die drie gemeenskapsleiers is op 8 Mei 1985 by die Port Elizabeth-lughawe ontvoer en daarna naby Cradock op ’n plaas bekend as Post Chalmers vermoor. Hul liggame is volgens die aansoekers versamel, verbrand en in die Visrivier gegooi.

Die amnestie-aansoeke is in November 1997 in Port Elizabeth aangehoor. Die amnestie-aansoeke deur die Veiligheidspolisie is deur die weduwees van die drie leiers teengestaan op grond daarvan dat daar geen volledige openbaarmaking was nie. Du Plessis is amnestie geweier vir die sameswering, die bevel tot die ontvoering en moord van die drie oorledenes.

Van Zyl, Niewoudt en Lotz is amnestie geweier vir die ontvoering en moord van die drie leiers. Die rede vir die weiering was die versuim om volledige openbaarmaking van die aanrandings te maak.

Nog ’n Veiligheidspolisiebeampte, Gerhardus Cornelius Beeslaar, is amnestie geweier vir die oortredings van ontvoering op Sipho Hashe. Die Komitee het bevind dat Beeslaar nie aangetoon het dat hy enige politieke doelwit gehad het toe hy Hashe aangerand het nie.

[Uit https://www.justice.gov.za. Toegang op 17 Januarie 2026 verkry.]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 3: HOE AFFEKTEER GLOBALISERING DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELDE EN ONTWIKKELENDE LANDE?

BRON 3A

Die bron hieronder beskryf die doelwitte van globalisering.

Die doelwitte van globalisering is om organisasies 'n beter mededingende posisie met laer bedryfskoste te bied, om 'n groter aantal produkte, dienste en verbruikers te bekom.

Hierdie benadering tot mededinging word verkry deur diversifikasie (verskeidenheid) van hulpbronne, die skepping en ontwikkeling van nuwe beleggingsgeleenthede deur addisionele markte oop te maak en toegang tot nuwe grondstowwe en hulpbronne te verkry.

Diversifikasie van hulpbronne is 'n besigheidstrategie wat die verskeidenheid van besigheidsprodukte en -dienste binne verskeie organisasies verhoog. Diversifikasie versterk instellings deur organisatoriese risikofaktore te verlaag, belange in verskillende gebiede te versprei, voordeel te trek uit markgeleenthede en maatskappye van beide horisontale en vertikale aard te verkry.

Geïndustrialiseerde of ontwikkelde nasies is spesifieke lande met 'n hoë vlak van ekonomiese ontwikkeling en voldoen aan sekere sosio-ekonomiese kriteria gebaseer op ekonomiese teorie, soos Bruto Binnelandse Produk (BBP), industrialisasie en Menslike Ontwikkelingsindeks (HDI), soos gedefinieer deur die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), die Verenigde Nasies (VN) en die Wêreldhandelsorganisasie (WHO). Deur hierdie definisies te gebruik, is die vooraanstaande tien geïndustrialiseerde lande Noorweë, Ierland, Switserland, Ysland, Hong Kong (China), Duitsland, Swede, Australië, Nederland en Denemarke.

[Uit https://www.Investopedia.com. Toegang op 25 Januarie 2026 verkry]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 3B

Hierdie bron fokus op die gevolge van globalisering vir beide ryk en arm nasies.

Globalisering het tot verhoogde internasionale handel gelei ’n maatskappy wat in meer as een land bedrywig is; groter afhanklikheid van die globale ekonomie; vryer beweging van kapitaal, goedere en dienste; erkenning soos McDonald’s en Starbucks in ekonomies minder ontwikkelde lande (EMOL).

Globalisering het daartoe gelei dat baie besighede bedrywighede in ander lande oprig of koop. Maatskappye wat in verskeie lande bedrywig is, word multinasionale korporasies (MNC’s) of transnasionale korporasies (TNC’s) genoem. Die Amerikaanse kitskosketting McDonald’s is ’n groot MNC – dit het byna 30 000 restaurante in 119 lande.

Globalisering funksioneer meestal in die belang van die rykste lande, wat steeds wêreldhandel oorheers ten koste van ontwikkelende lande. Die rol van EMOL’s lande in die wêreldmark is meestal om die Noorde en Weste van goedkoop arbeid en grondstowwe te voorsien. Daar is geen waarborge dat die rykdom van inkomende belegging die plaaslike gemeenskap sal bevoordeel nie. Dikwels word winste teruggestuur na die meer ekonomies ontwikkelde land waar die TNC gebaseer is. Transnasionale maatskappye kan plaaslike maatskappye uit besigheid dryf. As dit goedkoper word om in ’n ander land te bedryf, kan die TNC die fabriek sluit en plaaslike mense oorbodig maak (onnodig).

’n Afwesigheid van streng toegepaste internasionale wette beteken dat TNC’s in ontwikkelde lande op ’n manier kan werk wat nie in ’n meer ekonomies ontwikkelde land toegelaat sou word nie. Hulle kan die omgewing besoedel, risiko’s met veiligheid loop of swak werksomstandighede en lae lone op plaaslike werkers afdwing.

[Van: https://www.bbc.co.uk/schools/gc/globalisation. Toegang op 25 Januarie 2026 verkry.]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 3C

Hierdie spotprent deur Chappatte wys direkteure of leiers van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) in 'n sitting. Hulle bespreek verwagtinge van arm of ontwikkelende lande.



[Uit https://www.chappatte.com/en/images/globalization. Toegang op 25 Januarie 2026 verkry.]

WHO

Arme lande wil ook hê rykes moet ryker word

Free past papers & memos at studypapers.co.za

BRON 3D

Hierdie bron fokus op die resultate van buitelands uitkontraktering en multinasionale korporasies op Amerikaanse samelewing in die vroer 2000's.

Alhoewel niemand die ekonomiese sukses en deurdringingheid van multinasionale korporasies betwyfel nie, is hul motiewe en optrede deur maatskaplike welsyns-, omgewingsbeskermings- en arbeidsorganisasies wêreldwyd in twyfel getrek.

Nasionale en internasionale vakbonde het kommer uitgespreek dat multinasionale korporasies in ekonomies ontwikkelde lande arbeidsonderhandelinge kan vermy deur bloot hul werk na ontwikkelende lande te verskuif waar arbeidskoste aansienlik minder is. Arbeidsorganisasies in ontwikkelende lande staar die teenoorgestelde van dieselfde probleem in die gesig, aangesien hulle gewoonlik verplig is om met die nasionale tak van die multinasionale korporasie in hul land te onderhandel, wat gewoonlik bereid is om kontrakterme slegs op grond van binnelandse loonstandaarde te onderhandel, wat heelwat laer as dié in die moedermaatskappy se land kan wees.

Buitelandse uitkontraktering, of buitelandse belegging, is 'n term wat gebruik word om die praktyk te beskryf van die gebruik van goedkoop buitelandse arbeid om goedere te vervaardig of dienste te lewer, net om dit terug in die plaaslike mark te verkoop. Vandag is baie Amerikaners bekommerd oor die kwessie of Amerikaanse multinasionale maatskappye sal voortgaan om werksgeleenthede na goedkoop oorsese arbeidsmarkte uit te voer. In die herfs van 2003 het die Universiteit van Kalifornië-Berkeley getoon dat soveel as 14 miljoen Amerikaanse werksgeleenthede moontlik oor die volgende dekade in gevaar was. In 2004 het die Verenigde State 'n handelstekort van 'n half triljoen dollar in die gesig gestaar, met 'n surplus in dienste. Teenstanders van buitelandse belegging beweer dat dit werksgeleenthede van Amerikaners wegneem, terwyl dit ook die wanbalans van handel verhoog.

[Uit https://www.reference_for_business.com/management/multinational_corporations Toegang op 25 Januarie 2026 verkry.]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Cape Times, 27 May 1985

http://146.141.12.32/protes-about-segregation-in-hospitals-at-addington-hospital-in-durban

https://photius.com/countries/south_africa/government/south_africa_government_mass_democratic_move~2494.html

https://www.bbc.co.uk/schools/gc/globalisation

https://www.chappatte.com/en/images/globalization

https://www.Investopedia.com

https://www.justice.gov.za

https://www.reference_for_business.com/management/multinational_corporations

https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/SMU

Jeffery, A. 2009 *PEOPLE'S WAR – NEW LIGHT ON THE STRUGGLE FOR SOUTH AFRICA,* Jonathan Ball Publishers (Edms.) Bpk., Kaapstad

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za